b. Om Sy skaap te wees (vers 27) moet ek Christus se stem

hoor, deur Hom geken wees, en _____

Hierin is wyse en noodsaaklike raad opgesluit: “Wandel met God!” Dit beteken om versoeking te weerstaan, God te gehoorsaam en Jesus te volg. Verdere riglyne vir ‘n suksesvolle lewe en groei word in die volgende studie gevind.

Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.
1 Korinthiërs 10:13

2

‘N WANDELING MET GOD

Teks vir memorisering: 1 Korinthiërs 10:13

Naam: _____

Nadat ‘n kind gebore is, moet hy begin groei. ‘n Belangrike stap in hierdie proses is dat hy moet leer loop. Dit is ook geestelik die geval. Die kind van God (gebore uit God) leer om met God te wandel. ‘n Beskrywing van die Christen se lewe as ‘n “wandeling met God”, wys dat die Christelike lewe ‘n verhouding (“met God”) is, wat beweeg en nie stilstaan nie (“wandel”). Miga, die profeet, het die behoefte om “ootmoedig te wandel met jou God (6:8) as een van die mens se mees basiese behoeftes bestempel.

1. Noudat jy begin het om die Evangelie van Johannes deur te lees, het jy waarskynlik ‘n hele paar uitdrukkings teëgekom wat dieselfde beteken as “’n wandeling met God”. Noem ‘n paar.

   a. Johannes 8:12 _____

   b. Johannes 1:37 _____

   c. Johannes 2:5 _____

   d. Johannes 5:14 _____

2. Wie staan ons wandeling met God teen? (1 Petrus 5:8)

   _____

3. Wat het die duiwel in Mattheus 4:1 gedoen?

_____

4. Het Jesus toegegee aan die versoeking? (Hebreërs 4:15)

_____

Is versoeking en sonde dieselfde ding? _____
(Versoeking sê "Wil jy?" Sonde sê "Ek wil")

5. Wat behoort ons te doen wanneer die duiwel ons aanval?

Jakobus 4:7 a. _____

b. _____

6. In jou eie woorde: Wat is sonde? (Lees 1 Johannes 3:4 en

Jakobus 4:17) _____

_____

_____

7. In Jesaja 59:2 staan daar: "Maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."
Die enigste ding wat my van God kan skei is: _____

_____

8. Kan 'n Christen, deur die krag van God, homself daarvan weerhou om opsetlik te sondig? (1 Johannes 3:9)

_____

9. Wat is God se belofte aan ons wanneer ons versoek of beproef word? (1 Korinthiërs 10:13)

Hy sal / sal nie dit vir ons moontlik maak om die versoeking te weerstaan of verdra. (Trek 'n kring om die regte woorde)

10. Wat is die doel van Johannes se skrywe, soos in

1 Johannes 2:1 aangegee? _____

_____

11. As 'n Christen egter wel sondig, behoort hy volgens 1 Johannes 2:1 (merk die korrekte antwoord)

a. Te sê hy kon nie anders as om te sondig nie.

b. Sy sonde te bedek en voor te gee dit het nie gebeur nie.

c. Dadelik na Jesus te gaan, sy sonde te bely, en aan te gaan om vir God te lewe.

d. Tou op te gooi en te sê dit help nie om God te probeer dien nie.

12. As 'n Christen gesondig en sy sonde bely het, wat sal God

doen? (1 Johannes 1:9) _____

13. Om God se woord te ken en te bewaar, bewys volgens

Johannes 14:21 dat _____

14. Lees Johannes 10:27-29 en beantwoord die volgende vrae:

a) Wie het die Ewige Lewe en word deur God se krag gehou?

_____